# Tjokkie WEEKBLAD

8 Augustus 2024 Uitgawe: 5/3/2024


## UIT DIE KANTOOR

Hierdie was 'n vinnige en kort week. Nieteenstaande was daar weer heelwat aktiwiteite wat plaasgevind het.

Graag wil ek my dank aan al die Tjokkie-ouers betuig wat tydens verlede Saterdag se ABSA Tjokkie Hokkiedag kom ondersteun en hul hulp kom aanbied het. Dit was die 22ste jaar dat Tjokkies hierdie geleentheid, wat by die Universiteit se velde plaasvind, aangebied het. Dit was weereens 'n heerlike dag wat goed ondersteun is deur ouers en besoekende skole tot so ver as De Aar en Bethlehem.

'n Baie groot dankie aan die ouerkomitee, onder leiding van mev. Freda Goosen wat reeds van vroeg af besig was met die voorbereidings van die dag. Dankie aan die hokkiekomitee en mnr. Kevin Basson vir hul reuse aandeel in die sukses van hierdie dag.

Môre is Nasionale Vrouedag. 'n Dag wat jaarliks op 9 Augustus herdenk word sedert sy bestaan in 1994. Hulde word aan ons vroue en toekomstige moeders gebring vir hulle bydrae in die bou van ons volk. Ons manne eer julle vir die ongelooflike werk wat julle doen.

Dit is egter ook 'n nasionale vakansiedag. Ek is vol vertroue dat hierdie langnaweek ook 'n goeie geleentheid is waar gesinne weer bietjie tyd aan mekaar kan spandeer.

## ANDER

### "m, m m, I'm Lovin' it!"

Baie dankie aan elke ouer en leerder wat die McTjokkie-onnieaand kom ondersteun het. Dankie vir jul geduld met die wag vir die bestellings. Hierdie aand het weereens bewys dat die Tjokkie-hartklop sterk en ritmies is. Vir 'n skool-familie, DIE TJOKKIE-FAMILIE, van hierdie formaat sal jy ver moet soek! Julle het rekords gebreek, 'n Nasionale McDonalds rekord vir verkope in een uur!!!!

*Vir nou - die verkope vir twee ure was R69 000.* Hou gerus volgende week se Weekblad dop vir interessante feite en syfers vanaf McDonalds…


Dankie ook aan McDonalds, een van ons **ANKERBORGE**, vir hierdie fondsinsamelingsgeleentheid.

i'm lovin' it™

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 8 Aug.: | o/13 Seuns Hokkie - Guschkietoernooi (Grey) |
| | Skool verdaag om 13:00 |
| | Voortrekkers Herfskamp (Doornkloof) |
| 9 Aug.: | Nasionale Vrouedag |
| 12 Aug.: | Tennisliga vs Zastron (tuis) |
| | Hokkieliga vs Willem Postma (o/12 en o/13A seuns & o/13B dogters |
| | Beheerliggaam vergadering |
| 13 Aug.: | GSF Redenaars |
| 14 Aug.: | Tennisliga vs Grey (weg) |
| | Studente huiseienaars-vergadering (Ouditorium) |
| 15 Aug..: | Hokkieliga vs Fichardtpark : Seuns – Weg / Meisies - Tuis |

# VERJAARSDAE



12 Aug.: Juf. Geraldine Finlay (Gr. 6)

# HOKKIE



Die ouerkomitee bedank graag:

Die ouers wat via Karri ‘n donasie gemaak het vir die Hokkie Festival.

Dankie ook aan die volgende borge:

- Econo Foods
- Môreson Eiers
- Iceman - dankie vir ys en hout
- Coke vir die waentjies

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

"Maak nie saak wat die lewe na my kant toe gooi nie, ek glo dit is kragteloos teen my gebed" – Lily Kent

Kom ons bid vandag:

Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word. Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewighied. Amen

Mag ons almal die krag van ons Grote God ervaar en elke dag in gebed met Hom gesels.

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

## SNUFFELS




JF
Sedert '59 - 65 jaar vieringe
Vlam vat
BRENDAN
PEYPER
GROOT OPELUGSOKKIE
14 SEPTEMBER '24
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SPORTTERREIN
HEKKE OPEN 16:00
VOLWASSENES: R180
SKOOLKINDERS: R120
VOORSKOOL: GRATIS
Kaartjies beskikbaar by
Quicket
QUICK ONLINE TICKETS
KOM GENIET EN ONTSPAN.
'N AAND MET MUSIEK,
KONKAVURE,
BLÊRKAS VOORAF,
KOS TE KOOP,
SNOEPIE,
SOKKIE,
EIE BRAAIVLEIS EN VERVERSINGS -
VURE WORD VOORSIEN
#TROTSJF
Kontak: Louisa Kotzè
by 0823750031